DEEL 116 | WEEK 38 | 20 SEPTEMBER 2024 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# PLANTPROJEK WEER OP DREEF

Op Saterdag, 14 September, het Hoërskool Heilbron hul opregte waardering uitgespreek teenoor plaaslike boere tydens 'n spesiale "Dankie Sê"-braai. Die geleentheid is gehou om erkenning te gee aan die boere wat bereid is om elk twee hektaar op hul plase aan te plant as deel van 'n fondsinsamelingsprojek vir die skool. Hierdie plantprojek, wat deur die beheerliggaam van die skool van stapel gestuur is, belowe om 'n beduidende finansiële hupstoot vir die skool se ontwikkeling te bied.

Volgens Gerrit Viljoen, 'n lid van die beheerliggaam, het die skool daarin geslaag om borge van verskeie insetverskaffers te verkry. Die betrokke boere, het saad, kunsmis en plaagdoders ontvang – al die noodsaaklike middele om die twee hektaar op hul plase aan te plant. "Ons het insette van verskeie verskaffers gekry wat dit vir die boere baie makliker gemaak het om aan die projek deel te neem," het Viljoen verduidelik. In totaal het 16 boere ingestem om deel te neem, waarvan vier nie eens kinders in die skool het nie. Hul onbaatsugtige bydraes getuig van die gemeenskap se sterk ondersteuning vir die skool.

Een van die boere het gesê: "Ons moet maar doen wat ons kan om die skool te help. Dit is belangrik om in ons kinders se toekoms te belê." Die opbrengs van die twee hektaar wat elke boer aanplant, sal aan die einde van die seisoen direk aan die skool geskenk word. Hierdie opbrengs sal die skool se fondsinsameling aansienlik versterk en sal gebruik word om noodsaaklike opgraderings te finansier.

Viljoen het verder verduidelik dat die fondse wat ingesamel word, aangewend sal word vir verskeie opgraderings by die skool. "Ons drome is groot, maar ons het baie fondse nodig," het hy gesê. Die beplande projekte sluit in die aankoop van nuwe busse vir die skool, die opgradering van die rugbyveld, asook die strooi van kalk en die uitbreiding van die besproeiingstelsel. "Ons wil graag die skool opknap en verseker dat dit optimaal kan funksioneer."

Na die suksesvolle braai en gesellige saamkuier, het die boere en gaste oor landbou-aangeleenthede gesels, terwyl hulle die reën wat onlangs geval het, waardeer het. Sekere dele van Heilbron het tot 30mm reën ontvang, wat 'n belowende begin vir die plantseisoen is. Die boere is optimisties oor die komende seisoen en hoop dat dit beter sal wees as verlede jaar.

Terwyl die boere hard aan die werk is op hul lande, voorspel die weerdiens 'n koue naweek met reën en temperature wat tot so laag as 4°C kan daal. Volgens die ENSO Diagnostic Discussion van die Climate Prediction Center, is daar 'n 71% kans dat La Niña teen September tot November sal ontwikkel en deur sal duur tot Maart 2025. Die boere bly egter hoopvol dat hierdie uitdagende weerpatrone nie hul opbrengste sal benadeel nie.

*Op die foto agter: Ben Burger (Winfert), Adriaan Lange, Freddie Rochat, Alzan Myburgh, GF van Rooyen, Johnny van der Merwe (Hoërskool Heilbron Skoolhoof), Danie Myburgh (Hoërskool Heilbron Beheerliggaamlid), Wynand Nortje (Dekalb) en Fouche Germishuys. Voor: Eben Claasen (JCB/Sensako) en Gerrit Viljoen (Hoërskool Heilbron Beheerliggaamlid)*

SENSAKO

Kom ons groei saam

Ons het belê in die ontwikkeling van 'n nuwe geelmieliepakket sodat jy met gerustheid mielies kan plant en sien hoe goeie planne in goeie opbrengs verander.

SNK 220-65 BR

SNK 2224 BR

SNK 2234 BR

Ons help jou groei – vandag en môre!



syngenta

Eben Claassen | 072 581 7627

BKB

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING

Donderdae - Royal Auction Centre



Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:

Jan-Hendrik Claassen: 074 490 5451

Waar sake elke keer, die eerste keer, reg gedoen word!

HIGH FERT KUNSMIS

Johnny Claassen 082 779 3417

JCB

Eben Claassen 072 581 7627

NOVON PROTECTA

Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!

# Rioolbakkie - nog geen duidelikheid oor verskille

Geen duidelikheid kon tot hede bekom word oor wat die koste verbonde aan die huur van 'n bakkie vir gebruik deur Heilbron se rioolspan beloop nie. Heilbron Herald het verlede week berig oor 'n dispuut tussen DA raadslid Robert Ferendale en area bestuurder Francis Moeketsi se weergawes van die tersake koste.

Om duidelikheid te bekom oor wat presies die situasie is het Vryheidsfront Plus raadslid Phillip van der Merwe navrae daaroor gerig aan Ngwathe se nuut aangestelde hoof finansiële beampte, Mnr Musa Xulu. “Ek is verseker dat Mnr Xulu die aangeleentheid ondersoek en dat ek ingelig sal word sodra die ondersoek afgehandel is” sê raadslid Van Der Merwe. “Tot en met ter perse gaan is die antwoorde egter nog verskuldig”

Die bakkie werk intussen wel weer vir die rioolspan wat besig is om die groot aantal verstopte riole te takel. 'n Poging moet volgens Mnr Xulu egter dringend aangewend word om eie bakkies vir die munisipaliteit aan te koop om hoë koste verbonde aan huur van voertuie hok te slaan.

“Waar die fondse daarvoor vandaan sal kom sal egter eers gesien moet word” sê raadslid Van Der Merwe. Volgens 'n verslag wat verlede Woensdag voor die Finansiële Komitee gedien het, het Ngwathe se invorderingskoers van begrote inkomste tans gedaal tot 42% wat skrikwekkend laag is. Dit terwyl daar tans 'n “Omkeerstrategie” in plek is juis om inkomste invordering te verbeter en uitgawes te besnoei. Die komitee het aangedring dat volledige inligting oor presies waarmee amptenary besig is om uitvoering aan die raad se omkeerplan te gee voor die einde van die maand aan hom voorgelê word.

Intussen kan die munisipaliteit nie sy finansiële verpligtinge nakom nie en het sy skuldlas aangegroei tot meer as R 2 miljard. Die Ouditeur-Generaal het reeds by meer as een geleentheid gewaarsku dat Ngwathe nie as lopende onderneming kan oorleef indien sy finansiële posisie nie drasties verbeter nie. “Ek is egter oortuig en het ook al by verskeie geleenthede beklemtoon dat Ngwathe nie die mas sal opkom as hulp nie vanaf die nasionale- of provinsiale regerings ontvang word nie” voeg raadslid Van Der Merwe by. “Tans het nasionale tesourie wel sedert Mei vanjaar 'n persoon beskikbaar gestel om Ngwathe met finansiële bestuur behulpsaam te wees, maar ons sal moet wag om te sien of dit enige merkbare verandering teweeg sal bring” sluit hy af.


CALENDAR 2025

Heilbron Herald Pricelist

Prices include VAT and a standard design

Heilbron Herald

44 Els street,
Heilbron, 9650
herald@heilbron.co.za
058 852 3055
083 495 5512

**A4 Wall Calendar**
Full Colour Print on Gloss Board, 297x210mm
Punched Hole Top, 12 Month View.

| Qty | Deposit | on Delivery | Total |
|---|---|---|---|
| 10 | R 150 | R 220 | **R 370** |
| 50 | R 180 | R 290 | **R 470** |
| 100 | R 240 | R 360 | **R 600** |
| 300 | R 430 | R 700 | **R 1 130** |
| 500 | R 650 | R 1 020 | **R 1 670** |
| 1000 | R 1 200 | R 1 770 | **R 2 970** |

**A3 Wiro Wall Calendar**
Full Colour Print on Gloss Board, Wirobind Top,
Month to View + Front Page, 297x420mm

| Qty | Deposit | on Delivery | Total |
|---|---|---|---|
| 5 | R 550 | R 840 | **R 1 390** |
| 50 | R 1 660 | R 2 560 | **R 4 220** |
| 100 | R 3 625 | R 3 625 | **R 7 250** |
| 200 | R 4 990 | R 7 750 | **R 12 740** |

**A3 Wall Calendar**
Full Colour Print on Gloss Board, 420x297mm
Punched Hole Top, 12 Month View.

| Qty | Deposit | on Delivery | Total |
|---|---|---|---|
| 10 | R 300 | R 90 | **R 390** |
| 50 | R 230 | R 350 | **R 580** |
| 100 | R 330 | R 510 | **R 840** |
| 200 | R 550 | R 840 | **R 1 390** |
| 300 | R 945 | R 945 | **R 1 890** |
| 500 | R 1 450 | R 1 450 | **R 2 900** |
| 1000 | R 2 750 | R 2 750 | **R 5 500** |

**A3 Deskpad Calendar**
Full Colour Print on Bond Paper + Backing Board,
Month to Month View, 297x420mm

| Qty | Deposit | on Delivery | Total |
|---|---|---|---|
| 10 | R 435 | R 435 | **R 870** |
| 50 | R 1 340 | R 1 340 | **R 2 680** |
| 100 | R 2 205 | R 2 205 | **R 4 410** |
| 250 | R 4 340 | R 4 340 | **R 8 680** |
| 500 | R 7 915 | R 7 915 | **R 15 830** |

**A2 Deskpad Calendar**
Constant Colour Background Print on Bond Paper,
Only black Colour Changes + Backing Board,
Month to View. 420x594mm
Month to view, 420x594mm

| Qty | Deposit | on Delivery | Total |
|---|---|---|---|
| 50 | R 4 050 | R 7 260 | **R 11 310** |
| 100 | R 6 450 | R 6 450 | **R 12 900** |
| 200 | R 5 800 | R 10 350 | **R 16 150** |
| 500 | R 8 500 | R 14 100 | **R 22 600** |

**Folded Triangular Desk Calendar**
Full Colour Print on Gloss Board, 210x297mm
Triangle Desk Calendar, Three Viewing sided

| Qty | Deposit | on Delivery | Total |
|---|---|---|---|
| 100 | R 510 | R 780 | **R 1 290** |
| 200 | R 680 | R 1 050 | **R 1 730** |
| 300 | R 820 | R 1 240 | **R 2 060** |
| 400 | R 950 | R 1 460 | **R 2 410** |
| 500 | R 1 080 | R 1 660 | **R 2 740** |
| 1000 | R 1 990 | R 2 850 | **R 4 840** |

**Fridge Magnet Calendar**
Full Colour Print directly on Fridge Magnet,
12 Month View, 200x220mm

| Qty | Deposit | on Delivery | Total |
|---|---|---|---|
| 10 | R 130 | R 190 | **R 320** |
| 50 | R 550 | R 980 | **R 1 530** |
| 100 | R 1 395 | R 1 395 | **R 2 790** |

**Wiro Tent Desk Calendar**
Full Colour Print on Gloss Board,
Ringbinded, Fold Over Pages, 2 Month View

| Qty | Deposit | on Delivery | Total |
|---|---|---|---|
| 50 | R 560 | R 860 | **R 1 420** |
| 100 | R 1 150 | R 1 150 | **R 2 300** |
| 200 | R 1 630 | R 2 510 | **R 4 140** |
| 500 | R 3 975 | R 3 975 | **R 7 950** |

**A5 Custom Printed Diary**
Standard 174 Black Inner Pages,
12 Monthly Planners, Year Planner, 1 Week to view
Custom Cover Laminated, Wire Bound

| Qty | Deposit | on Delivery | Total |
|---|---|---|---|
| 1 | R 173 | R 0 | **R 173** |
| 4 | R 300 | R 298 | **R 598** |
| 10 | R 690 | R 690 | **R 1 380** |
| 20 | R 1 300 | R 1 230 | **R 2 530** |
| 50 | R 2 900 | R 2 850 | **R 5 750** |


# Department calls for child immunisation against increasing rubella cases

*Department of Health*

The Department of Health urges parents and caregivers to ensure children are up to date with vaccination schedule against serious diseases that are prevented by vaccines as the country is experiencing an increase in rubella cases in some provinces.

The National Institute for Communicable Diseases (NICD) has alerted the Department of notable rising number of rubella cases in various parts of Gauteng, Western Cape, Eastern Cape and KwaZulu-Natal.

Rubella, otherwise known as German measles, is an infectious disease caused by the rubella virus. It is usually a mild disease in children and adults but can have serious consequences in pregnant women by infecting their unborn babies and causing congenital rubella syndrome.

The disease primarily spreads through respiratory droplets from coughing or sneezing and can also be transmitted from mother to foetus during pregnancy. It generally causes a mild illness in children and adults, characterized by a low-grade fever, rash, and sometimes joint pain. It can lead to congenital rubella syndrome in the foetus, resulting in death, miscarriages, stillbirth or severe birth defects in infants. The incubation period of rubella ranges from 14 to 21 days.

In recent weeks, the Department has received enquiries following a closure of schools in the Northen Cape after a rubella case was detected amongst school learners. Although, proactive and effective measures to prevent further spread of the disease are always recommended, but the school closure should only be implemented as the last resort after all measures have been employed.

Children who develop symptoms (including nausea, sore throat, red eyes and swollen lymph nodes in the neck) compatible with rubella should be treated symptomatically and remain away from school until they recover. All suspected rubella cases should be reported to the nearest health facility or healthcare provider, who will then notify the Department using the Notifiable Medical Conditions reporting platforms.

The Department is currently rolling-out the measles-rubella vaccine as part of the Expanded Programme of Immunisation. This combined vaccine replaces the standalone measles vaccine and is administered at 6 and 12 months of age. In the private sector, rubella protection is included in the MMR (measles, mumps, rubella) vaccine, which is typically given between 12 and 15 months of age.


**For more information and media enquiries, please contact:**
**Mr Foster Mohale**
**Health Departmental Spokesperson**
**072 432 3792**
**Foster.mohale@health.gov.za**


# UIT DIE PEN: Week 38



Ek wonder vandag hoekom iemand my bel om te dink? Ek weet nie of julle al so 'n gesprek gehad het nie.

Die foon lui. "Hallo, Anna," sê ek. Die stem aan die ander kant groet my terug en val met die deur in die huis.

"Horie, ek het gewonder. Kyk, as jy nou..." Lang stilte. "As jy nou daardie keuse maak, Dan..." Lang stilte. "Ek dink jy moet dan. Nee, ek dink jy moet eerder..." Swaar asemhaling. "Wat ek bedoel is dat jy..." Lang stilte. "Kyk, daar drie van hulle en daarom kan..."

Ek haal die naelvyl uit my boonste laai. "Wat ek eintlik sê is dat..." Ek begin my naels vyl. Daardie ene wat so aan my klere haak. "Maar nou wonder ek..." Jip, ek ook. Ek wonder waaroor jy regtig gebel het.

"Okay, nou het ek dit. As ek nou na die syfers kyk. Of nee." Of nee wat? Wonder ek. Ek het my naels glad gevyl. Die naelvyl is terug in my laai. Ek dink daar is 'n pakkie jellieswiets in my tweede laai. Nee, maar hier is 'n paar papiere wat ek in die snippermandjie kan gooi.

"Is jy nog daar?" Jip, ek is nog hier.

"Dink jy nog?" vra ek. "Ja, wag net gou." Is reg, dis wat ek doen. Lang stilte.

"Goed, nou weet ek. Wat ek wil sê is dat mens nou daardie laaste kolomme. Nee, dis eerder die..."

Ek het geen idee waaroor hierdie gesprek gaan nie. "Wag wag wag, nou weet ek. Dink jy ek kan..." Nee, ek het geen idee wat jy kan of nie kan nie. Ek probeer my bes om die gesprek te volg, maar dit raak moeilik en ek het geen idee waaroor dit gaan nie.

"As jy eerder. Nee, dit gaan ook nie werk nie. Wat as jy. Okay, kom ons begin van voor af.." Ja, slim plan, dink ek. Praat in verstaanbare taal en sinsnedes sodat ek die gesprek kan volg.

"Okay. Wag, ek moet net eers na daardie dokument kyk. Het jy hom oop op jou rekenaar?" "Nee." Uiteindelik kan ek die gesprek volg.

"Daar onder nommer 7. Of is dit nou 9? Wag, laat ek gou kyk. Wag net." Ek wag. Lang stilte. Ek vroetel weer in my boonste laai. Ek pak al die swart penne in die eerste ry. Ek tel hoeveel groen penne daar is en maak seker dat my twee potlode skerp is.

"Is jy nog daar?" Jip, ek gaan nêrens heen nie.

“Okay, nou het ek dit.” Uiteindelik, dink ek.

“Ek dink dat…” en hier kom die gevreesde frase weer. Ek dink dat vertaal na “ek het gebel sonder dat ek regtig weet wat ek wil sê.” Maar ek weet ook dat hierdie oproep vir haar belangrik is. Ek klink amper soos ’n oproepsentrum: Your call is important to us. Please stay on the line. Met Beethoven se Vyfde wat in jou ore speel.

“Kyk, nê, daar by die totaal. Sien jy daar?” Nee, ek weet nie watter totaal jy na verwys nie.

“Daar in kolom C.” Jip, nou sien ek dit.

“Nou wonder ek of die formule reg is? Laat ek nou eers kyk. Um. Laat ek. Net gou. Hier kliek…” Lank stilte. Ek begin solank my dokumente wat huil om geliasseer te word, gaatjies druk.

“Sien jy, ek dink die formule moet eerder.” Lang stilte. “Wat van ons.”

Wat van ons doen wat, wonder ek? Ek sien dat my vensterbank stof op het. Ek vroetel in my derde laai na die stoflap.

“Is jy nog daar?” Ja, ek is nog hier en ek dink saam met jou. En ek stof af.

“Ek dink.” Jip, ek dink ook. Soms. Ek dink ook dat ek jou nou verloor het.

“Wag, ek bel jou later wanneer ek weet wat om te doen.”

Jippie, jaai, wil ek sê. Ek waardeer dit dat jy gedink het dat ek jou kon help. Ek dink net dat jy al jou dinke klaar moet dink voordat jy bel. Ek wonder hoekom ek saam met jou moes dink as ek geen koekin kloe gehad het waaroor ons moes dink nie?

Oor my been: ek stap al hoe vinniger. Iemand vra wanneer ek gaan begin hardloop? Wel, nie gou nie. Ook nie vinnig nie. Ek bring nou elke twee weke ’n besoek aan Paul, die fisio. Dit beteken nie dat dit minder seer is nie. Geensins. Daarvoor maak hy seker.

Een goeie aand verlede week het ek omtrent ’n kilometer op een slag gestap. Ek het amper dood neergeslaan. Ons was by ’n konsert en moes na die onthaalsaal toe beweeg. Daar was golfkarretjies vir “mense wat moeilik beweeg.” My goeie man het besluit dat ek nie moeilik beweeg nie, en ek moes stap. Dit was later so seer dat ek sommer net gaan staan het. Met ’n lot mense wat agter my opdam. Gelukkig kon ek terug ry met die golfkarretjie, anders het ek seker nou nog gestap. Of iewers onder ’n bos gaan lê totdat ek beter voel.

Met hierdie week se besoek aan Paul kon ek spog omdat ek my enkel kon buig. Toe die euforie daarvan verby is, verskuif Paul die dwarslat.

Nou moet ek my voet 90° teen die muur sit. Waar my tone gewoonlik plat op die vloer was, moet dit nou teen die muur wees, opwaarts gebuig. My voet moet plat op die vloer wees. En dan moet ek my knie buig todat my knie aan die muur raak. En hy verwag dat ek dit moet regkry!

Nee, regtig. Ek het ’n vae vermoede dat hy al die moeilike oefeninge opsoek en my daarmee *entertain* die oomblik wanneer ek by sy spreekkamer instap.

Ek kon nog nie bogenoemde vandag oefen nie, want die seer van gister se oefening lê nog te vlak in my spiere en in my onthou. Maar ek sal nog, gee my net ’n kans. As ek tot hier kon kom, kan ek verder gaan.

# Vier 20-jaar reünie

Saterdag het Hoërskool Heilbron se matrikulante van 2004 hul 20-jaar-reünie gevier by Donsveertjie gasteplaas. Die dag was vol opwinding en verrassings, aangebied deur die oud-Hoofmeisie, Marge Mouton, en die oud-Hoofseun, Lean Visser. Hulle het gesorg vir 'n nostalgiese rit op die skoolbus van Hoërskool Heilbron, wat die klomp van die gasteplaas na hul ou skool vervoer het. By die skool het ou herinneringe weer opgevlam terwyl hulle aan 'n prettige aktiwiteit deelgeneem het. Die oud-leerlinge het kans gekry om vrae te beantwoord en hul sportvaardighede te toets deur met 'n rugbybal pale toe te skop, en bietjie te doel op die netbalbaan. Die nostalgie het almal aangegryp, en die laggende gesigte het getuig van die vreugde wat dié terugblik op hul skooldae meegebring het. Na die aktiwiteite by die skool het die groep teruggekeer na Donsveertjie waar hulle verder gekuier het. 'n Heerlike ete, geselskap, en foto's wat geneem is, het die dag afgesluit. Gesprekke oor die ou dae het tot laat voortgeduur en herinneringe is met warmte gedeel.



*Op die foto: Diedre Lues, Karin van Tonder, Heleen Fengler, Karl-Heinz Fengler (baba), Cobie en Pierre van Niekerk. Paul Frengler, Clint Baker, La-Rochelle Bester, Marise Visser, Lean Visser, Marge Mouton, Chris Kotze, Anri Kotze, Eric Newby, Esthea Muller, Elsabe Erasmus en Danie Erasmus.*

# Huppel Trippelaars hou Bybelvasvra

Die HT-lede was gepantser met al die onthou van Sondagskool- en Kinderkrans-kennis van lank gelede. Maar as iemand gedink het hy gaan hulle vasvra op daardie terrein, moet hy weer dink! Behalwe miskien vir een vragie: Weet jy wat is apostelperde? (Die woord is deel van ń opdrag wat Jesus aan Sy dissipels gegee het). Die oggend is verder opgevrolik met kostelike episodes wat mense in kerke beleef het. Op 1 Oktober is dit weer die jaarlikse rolstoeldag - kompleet met 'pitstops' en al. Die oggend is afgesluit met heerlike pannekoeke wat deur Jeff en Nonna Roos geborg is.








# Kikker jou tuin op

Die Tuinbouklub het verlede Woensdag by Hartklop bymekaargekom vir 'n insiggewende sessie oor hoe om tuine op te kikker. Marlene Agenbag het die dames ingelig oor die werking van rooi erdwurms en hoe hul afval 'n groot bydrae tot grondvrugbaarheid lewer. Daar is ook gesels oor watter groentes mekaar komplimenteer, help om goggas weg te hou en voedingstowwe terug in die grond sit. Verder is die belangrikheid van kompos bespreek van hoe dit werk, wat jy moet doen, en hoe lank dit neem voordat dit gereed is om te gebruik. Ná die leerproses het die dames lekker gekuier, gesels, en iets te ete en te drinke geniet.



*Op die foto van die lede van die Tuinbouklub Heilbron: Agter vl: Henda van Eden, Gerda Myburgh, Carol Snyman, Marlene Agenbag, Annette Myburgh, Georgina Weiss en Mari Myburgh. Voor vl: Bertha Hancke, Wilna de Bruin, Wilna Weilbach, Pia Pienaar en Gerda Pieters.*













# KENNISGEWINGS

## BOEDELKENNISGEWING

In die boedel van wyle **JUDITH JACOBA COCKCROFT** (gebore op 1936-08-05), identiteitsnommer 360805 0006 08 6, 'n pensioenaris in lewe woonagtig te Huis Silwerjare, Petrus Steyn, Vrystaat, wie te sterwe gekom het op 2023-09-16.
**BOEDELNOMMER: 4589 / 2024.**
Skuldeisers en skuldenaars in bogemelde boedel word hiermee versoek om hulle eise in te dien en hulle skulde te betaal aan die ondergetekende binne 'n periode van dertig (30) dae vanaf Vrydag, 20 September 2024.
**JOHAN WAGENER ING**
**PROKUREURS VIR EKSEKUTEUR**
**POSBUS 58 / KERKSTRAAT 117**
**OUDTSHOORN, 6620**
**(T) 044 272 8911**
**E-pos: hannes@jwinc.co.za**
**(VERW: HO768 / C331)**

## VERLORE TITELAKTE

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van Registrasie Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **Transportakte Nommer T4733/2021** geregistreer in die naam van **PAUL STEFANES VAN WYK,** Identiteitsnommer 550817 5137 089 ten aansien van Gedeelte 1 van Erf 267 Frankfort, distrik Frankfort, provinsie Vrystaat wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Bloemfontein op hede die 12de dag van September 2024.
**AANSOEKER: WESSELS & SMITH**
**FU KAPP/rs/E05345**
**YORKWEG 1A, WAVERLEY**
**BLOEMFONTEIN, 9301**
**E-POS ADRES: bloemwess@internexi.co.za**
**KONTAKNOMMER: 051 436 1209**

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68(1) of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **Deed of Transfer T4789/2020** passed by
**NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY**
**In favour of**
**LEHLONOLO ABRAM TSHABALALA**
**IDENTITY NUMBER 611014 5346 087**
**UNMARRIED**
In respect of:
ERF 2993, PHIRITONA, EXTENSION 2, DISTRICT HEILBRON, FREE STATE PROVINCE IN EXTENT 264 (TWO HUNDRED AND SIXTY FOUR square meters
**HELD BY DEED OF TRANSFER T4789/2020,** which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of publication of this notice.
Dated at Heilbron on this 20th day of September 2024
**JOHANNES HENDRIK JANSEN**
**(LPCM 58680)**
**CONVEYANCER**
**JANSEN PROKUREURS**
**58 PIERCE STREET, HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2816**
**aktes@jansenprokureurs.co.za**
**Ref: NYA5/0002/JHJ/mp**


**Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald**

Kontak gerus vir Hendie Lötter by 071 175 9807 of heraldnuus@heilbron.co.za

Kontak ons vir al u skryfbehoefte benodigdhede
Tel: 058 852 3033



Herald Office National
Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033




# FOTOSTATE

| | Swart / Black | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |
| | **Volkleur / Colour** | |
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National

## BIBLIOTEEK OOP

*Piercestraat 66 • Heilbron*
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***





# DIENSTE


## BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

## BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com


# TE HUUR • TE HUUR


## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**


REMINDER

**2024 / 2025**

Neem asb kennis dat die Heilbron Herald se winkel sluit 19 Desember om 13:00 en heropen DV 6 Januarie 2025 om 07:30. Die fabriek sluit 13 Desember 2024 en heropen DV 8 Januarie 2025.



Herald Office National
Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033

# SMALLS


## HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT



Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
www.vleissentraal.co.za
Vleissentraal
JJ Hadebestraat 97, Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1047


## WINKELURE

**Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**






# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: 058 852 3033/4/5 • Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za (Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***




# HERALD Sport




## Kransfontein Duiwenuus

Op Vrydag 6 September 2024 het Carnival One Loft Race se finaal plaasgevind by Heidelberg Gauteng. Die wedvlug was vanaf Hanover 630km en groot was die verbasing toe Reitz Lofts en Van Schoor lofts die 3de plek in die finaal verwerf het. Dit is voorwaar 'n puik prestasie teen die land se beste duiweboere en hul duiwe. Meer oor NOVP23/3291 'n blouband mannetjie. Die duif is geteel deur Reitz Lofts en sy pa is 'n suiwer Best Kittel bloedlyn. Die mannetjie en die ma is De Rauw Sablon/Blackforest bloedlyn wyfie. Die Best Kittel bloedlyn maak amok nou regoor Suid-Afrika en Reitz Lofts is baie gelukkig om van die bestes in Suid-Afrika te besit in hul teelhokke. Baie geluk weereens aan Riaan Ben Melt Handro en Willem met hierdie puik prestasie.




*Op die foto bo vl: Riaan Kriel, Handro Swart en Willem Muller van Reitz Lofts.*

## Riemland Jagtersvereniging:
## *Jeugskietdag*

Jeugskietdag uitslae van 7 September 2024.

**Jaggeweer: Graad 4 tot Graad 12**
1. Gerhard Engelbrecht
2. Tanya van Niekerk
3. Lee Anne Viviers

**.22: Graad 4 tot Graad 12**
1. Lee Ann Viviers
2. Gerhard Engelbrecht
3. Tanya van Niekerk

**Windgeweer: Graad 4 tot Graad 12**
1. Adel Kampman
2. Aiden Kampman
3. Jessica van der Walt

**Algeheel:**
1. Lee Anne Viviers
2. Tanya van Niekerk
3. Carina van Niekerk

**.22: Graad R tot Graad 3**
1. Hennie Viviers (Jnr.)
2. Koos van Niekerk (Jnr.)

**Windgeweer: Graad R tot Graad 3**
1. Hennie Viviers (Jnr.)
2. Koos van Niekerk (Jnr.)

**Ouer en kind wenner:**
Beau du Plessis en Jessica van der Walt

**Baie dankie aan al die borge:**
Els Medsorg en JSC Agri asook al die anonieme persone vir die kontant ontvang as prysgeld.



*Op die foto agter vl: Tanya van Niekerk, Beau du Plessis en Carina van Niekerk. Voor vl: Johannes du Toit, Gerhard Engelbrecht, Lee Anne Viviers, Hennie Viviers (Jnr.), Jessica van der Walt, Adel Kampman, Aiden Kampman en Koos van Niekerk (Jnr).*

## Bibberweer word landwyd voorspel



***Net toe ons dink die somer het vroeg aangebreek, verras die Suid-Afrikaanse Weerdiens ons met 'n skokkende voorspelling. Volgens hulle waarskuwings sal die Tuinroete swaar reënval ondervind, terwyl die noordelike dele van die Oos-Kaap moontlike ontwrigtende sneeuval verwag. Skadelike winde sal oor 'n groot gedeelte van die kus strek – van Alexanderbaai in die weste tot by die suidelike kus van KwaZulu-Natal. Heilbronners moet ook voorberei wees vir 'n paar bitter koue dae wat voorlê. Dit mag dalk tyd wees om daardie winterjas en warm pantoffels weer nader te trek. Vandag se maksimum temperatuur sal sowat 11°C wees met 'n minimum van 2°C, en daar is 'n 64% kans vir reën. Daar mag selfs 'n sneeuvlokkie of twee in Heilbron val! Môre sal nog kouer wees met 'n maksimum temperatuur van slegs 7°C en 'n minimum van 4°C. Teen Sondag sal dit effens warmer wees, maar nie genoeg om die winterklere weg te pak nie. Alhoewel dit heerlike lente is, lyk dit asof die koue net bietjie langer gaan bly!
Foto erkenning: Danelle Oosthuizen***










BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 23 SEPTEMBER 2024
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

DINSDAG - 24 SEPTEMBER 2024
ERMELO: O-LA-LA CHIANINAS VEILING
11:00, Veilingskrale
Kontak Rocco van Rooyen 082 799 2776
BULTFONTEIN: DOLF & ESTIE DU BRUYN
850 SAVM skape
11:00, plaas Ons s'n
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

WOENSDAG - 25 SEPTEMBER 2024
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
REITZ Twee-weeklikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Piet Ferreira 082 776 1516
HERTZOGVILLE: MALHERBE & ROBERTS
Angus en Brangus beeste
11:00, Veilingskrale
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
STANDERTON: 2DE BLACKLHILLS PRODUKSIEVEILING
Drakensberger beeste
11:00, Jonkersdam
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

DONDERDAG - 26 SEPTEMBER 2024
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
VENTERSBURG: LK DOHNE STOETERY
11:00, Erfplaas
Kontak Theuns Barnard 082 374 2656

VRYDAG - 27 SEPTEMBER 2024
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

SATERDAG - 28 SEPTEMBER 2024
PARYS: VAT 5 DORMER VEILING
11:00, Afridome
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za